ETIESE HANDELSFASILITEERDERSKURSUS

Inleiding

People Plus International, in noue samewerking met SIZA, stel graag hulle Etiese Handelsfasiliteerderskursus bekend. SIZA het die behoefte identifiseer om kapasiteit op plaaslike vlak te bou, ten einde produsente en hul werknemers met die implementering van die **SIZA Standaard** te ondersteun. Die SIZA Standaard sluit in reëls en riglyne ten opsigte van landbouwerksplekke en die kyk na aspekte soos werknemersgesondheid en -veiligheid, nie-diskriminasie, vryheid van assosiasie, billike werksure en algemene werksomstandighede, die vryheid om van werk te verwissel, kinder-arbeid en bestuursisteme ten einde effektiewe implementering van wetgewing te bewerkstellig.

Die SIZA program is daarop gerig om hierdie oogmerk te bereik deur middel van ontwikkeling en deur People Plus International by wyse van die implementering van 'n kapasiteitsbou-program vir streeks etiese handelsfasiliteerders (ETFs) op twee vlakke, naamlik:

1. 'n Basiese vlak vir werknemers en toesighouers; en
2. 'n Intermediêre vlak vir produsente en hulle werksplek-administreerders, arbeidsorganiseerders, NGOS en regeringsamptenare.

ETFs sal behulpsaam wees met die implementering van die SIZA Standaard en deurlopende verbetering van die werkstoestande op plase.

Wie kan 'n etiese handelsfasiliteerder (ETF) word?

SIZA-lede en hulle verteenwoordigers (soos byvoorbeeld lede van Menslike Hulpbronne en/of administreerders), werknemer-verteenwoordigers en/of toesighouers wat verantwoordelik is vir die voldoening aan etiese standaarde op 'n plaas kan voordeel trek uit opleiding as 'n ETF. Persone wat ondersteuning verleen aan produsente ten opsigte van kwaliteit of bevestiging van voldoening aan etiese standaarde, soos byvoorbeeld arbeidskonsultante, regeringsamptenare of NGOs kan ook as etiese handelsfasiliteerders opgelei word. Werkswinkels is beskikbaar op basiese en intermediêre vlakke en kan aangepas word volgens die behoeftes van 'n spesifieke werksplek.

People Plus International & Ethiese Handelsfasiliteerder-opleiding

People Plus International is een van die opleidingsvoorsieners wat amptelik deur SIZA geakkrediteer is om die opleidingsprogram vir SIZA se etiese handelsfasiliteerders aan te bied. People Plus International is in beide Nederland en Suid-Afrika gebaseer en is die afgelope 10 jaar werksaam in Suid-Afrika. Ons opleiers en konsultante is ervare fasiliteerders en hulle kombineer uitmuntende opleidingsvaardighede met deeglike kennis en ervaring van

plaaslike arbeidsbetrekkinge. As ’n geakkrediteerde opleidingsvoorsiener beskik People Plus International ook oor alle SIZA-opleidingsmateriaal ten einde dit aan te pas volgens die behoeftes van die deelnemers.

Kursus inhoud

Kursusse kan aangepas word na gelang van die behoeftes van verskillende werksplekke. Die inhoud van die kursus sluit die volgende in:

- Begrip van die SIZA program
- Verantwoordelikhede van die Etiese Handelsfasiliteerder in die SIZA program
- Voordele van die SIZA programme
- Begrip van die 8 beginsels van die SIZA standaard (insluitend beleid en prosedures)
- Korrektiewe aksies en planne ter verbetering
- Self-evaluasies
- Voorbereiding vir oudits en die gepaardgaande prosesse
- Risiko-bestuur
- Analise van die oorsake van probleme (‘root cause analysis’)
- Afhandeling van aspekte van nie-voldoening
- Verhoogde bewustheid en opleiding by die werkplek
- Hoe om die SIZA ‘gereedskap’ te gebruik

Duur, beplanning en plek

ETF basiese kursus: Oktober - Desember 2014, Wes-Kaap

ETF intermediêre kursus: Oktober - Desember 2014, Wes-Kaap

Materiaal

Deelnemers word van ’n toepaslike werkboek voorsien. Hulle het ook toegang tot ’n reeks bestaande SIZA hulpbronne asook verdere materiaal wat deurlopend ontwikkel word.

Kostes

SIZA het befondsing vanaf die Wes-Kaapse Departement van Landbou en die *Sustainable Trade Initiative* (IDH) ontvang vir die nasionale implementering van hierdie program gedurende 2014 en 2015. Dit beteken dat People Plus International die Etiese Handelsfasiliteerders-opleiding vir SIZA-lede teen geen bykomende koste kan aanbied.

Meer inligting’

Tree asb in verbinding met People Plus International vir meer inligting rakende registrasie en die program.